**30 Oktober** **Skrifgedeelte: Filippense 3:15-21**
**Fokusgedeelte: Filippense 3:19**

## Is jou maag jou god?

Paulus beskryf in Filippense 3 die radikale ommekeer wat daar in sy lewe gekom het. Die dinge waarna hy eers gejaag het, het hulle betekenis verloor. Hy jaag nou iets anders na en dit is om Christus beter te ken, om die betekenis van sy kruis en opstanding te begryp en uit die krag daarvan te leef.

Daar is egter nog mense wat as vyande van die kruis lewe. Hulle lewe gaan uitloop op die sinnelose bestaan van die verderf. Daarom voel hulle die leegheid in hulle bestaan nou reeds aan. Hierdie leegheid, onvergenoegdheid, onsekerheid en vrees kom lê op die krop van hulle maag. Hulle begin jaag daarna om hierdie gevoel van sinneloosheid weg te neem of dalk net te verdoof. So word hulle maag (*koilia*) hulle god (Fil 3:19). Hulle hele lewe begin draai rondom die verdowing van hierdie onvergenoegdheid. Sommige wil dit wegwerk deur sukses na te jaag. Ander wil dit laat verdwyn deur partytjie te hou of weg te drink of te eet. Nog ander spog met al die skandelike sondes wat hulle doen om daardeur die gevoel van sinneloosheid te probeer wegwerk. As jy egter 'n vyand van die kruis van Christus is, bly die leegheid altyd weer terugkom.

Laat ons onthou dat ons burgers van die hemel is. Ons het Jesus se roepstem gehoor dat dié wat dors het, by Hom moet kom drink. Ons drink voortdurend by Hom sodat ons binneste (*koilia*) so vol word dat strome lewende water daaruit vloei deur die kragtige werking van die Gees (Joh 7).

*Dr. Gert Breed (Randburg)*